

Meer as oorwinnaars

Sus Quadling het gesterf, ons bid vir al die familie en loof die Here vir haar voorbeeld. Ons vier haar lewe om 10:00 Maandagoggend uit die kerkgebou

Mike Smith is ook oorlede, ons dra vir Isabel aan die Here op vir Sy troos, Hulle was van standard 6 saam en het 'n lang en gelukkige huwelik beleef.

Dawina Zaayman is weer terug in Rusoord (Groen gang). Ons bid dat sy haar kragte sal herwin en sterker word.

Ons dink aan almal wat die lang naweek op die paaie sal wees waar hulle na familie of op vakansie gaan wees of sommer net brood gaan koop. Ons bid: "Mag God ons genadig wees sodat almal weer na die naweek veilig terug sal wees."

Die Aankondiger

29 April 2018

Prediker: Ds. Gideon du Toit

Skriflesing: Joh. 21 : 1-19

Tema: Ontnugtering, dit stroop jou van valse illusies

Liedere: 414:1-2; 547:1,3; 493:5,6
519:1-4; 590:1-2

Rusoord: 10:30 & 16:45 **Jeug:** 16:45



Omgeekerk
Lyttelton-Noord
Ons Reik Uit Na Elkeen!

Hoop, Vertroue, Krag

Jesaja 40 : 31 maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

Anders as meeste, dink ek die mens is van nature optimisties. Ons hou nooit op met hoop dat môre, volgende week, volgende maand, volgende jaar beter moontlikhede inhou nie. Meeste mense sien met groot hoop en afwagting uit na 'n nuwe jaar, so asof al wat 'n probleem is, huidige of toekomstige, in die ou jaar gaan agterbly. Jy hoor so dikwels: "As ek suksesvol met hierdie aansoek is!" "Wanneer ons trek..." "Sodra ons van die motor ontslae geraak het..." "As my man of vrou net..." Ons droom, glo en vertrou dat uitkoms binne ons bereik is. Keer op keer word ons teleurgestel, maar dan hoop ons weer.

Die lewe is nie regverdig nie, maar hoe sal ons weet wat regverdigheid is as ons nooit onregverdigheid ervaar het nie? Sal ons ooit die prag van 'n reënboog waardeer indien ons nie die storm oorleef het nie?

Die geheim is om nie op jou eie krag te vertrou nie, nie te bly hoop op dit wat jy wil hê nie, maar God te vertrou vir leiding.

Gerhard Fourie

ONS WAARDES Lê OPGESLUIT IN EFESIëRS 4: 1 - 3

Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.

Kennisgewingbord

BRUINGELD

Onthou om al julle ou bruin geldjies wat jul beursie so swaar maak vir ons te skenk. Ons gebruik dit as aanvulling elke maand om aan 'n ander Sending organisasie 'n skenking te gee.

Tans is die daar **vanaf Mei 2017** al **R 2 837-00** ingesamel.

Die week gaan dit vir:
Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte

!!! Basaar 4 Augustus !!!

Die Basaar is uitgestel tot 4 Augustus. Daar is verskeie redes hiervoor. Talle van die aktiwiteite wat ons wou aanbied het onttrek, finansiëel is dit nie die regte tyd nie, ons het reeds die jaar afgeskop om te vra vir 10de maand bydrae en Wynveiling donasies, ens.

Die positiewe punt hieraan verbonde is dat dit ons meer tyd gee om die nodige reëlings te tref en dit julle meer tyd gee om donasies te lewer. (ons versprei dit nou oor 'n langer tydperk-3maande)

Die Naaldwerk tafel het laat weet dat hulle afval materiaal, knope, lint en kant kort, hulle sal waardeer as julle dit kan skenk en sommer by die kerk kantoor kan aflaai.

By die deure sal ook die normale lysie vir benodighede wees. Indien nie kom kry gerus een in die kantoor.

Jammer, vir enige ongerief hierdeur veroorsaak.

Groete Sue

Baie geluk aan almal wat 22 April tot 28 April verjaar

Noemnaam	Van	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Francois	Cockrell	04/29	012 66403993	079 564 5988
Annette	Kruger	04/29		076 834 9177
Rina	Morgan	04/29	012 644 0967	082 671 3030
Ewald	van Kradenburg	04/29	072 727 6797	083 660 2290
Marie	Jacobson	05/01	012 6442986	072 387 6409
Maureen	Wolvaardt	05/01	012 664 6675	073 188 6712
Frans	Booyse	05/02	012 664 4530	082 294 2602
Arnú	Engelbrecht	05/02		
Corlia	Pretorius	05/03	012 664 1878	
Loretta	Mostert	05/04	012 6648795	084 504 0775
Juriana	Muller	05/04	012 664 2779	076 117 5381
Thys	Pistorius	05/05	012 664 4281	082 461 0161
Robbie	Turner	05/05	082 817 8935	082 838 7272

HERFSKONFERENSIE 2018

VIR DIE AANDAG VAN DIE VROUE IN JOU GEMEENTE

1. Ons reëlings vorder fluks om weer 'n heerlike Herfskonferensie vir vroue te reël.
2. Ons sal dit waardeer indien jy die onderstaande besonderhede op **Sondag 29 April asook 6 en 13 Mei 2018** in julle gemeente **afkondig**.
3. Wees asseblief ook so vriendelik en plaas meegaande **plakkate en CV van die spreker** op sigbare plekke by julle kerkgebou sodat die dames van hierdie spesiale geleentheid kan kennis neem.
4. Voltooi ook die aangehegte inskrywingsvorm vir ons en stuur dit **vóór of op Vrydag 11 Mei 2018** aan die Sinodehuis terug.
5. Aangeheg op bladsy 3 is **al die besonderhede** wat jy netso kan gebruik vir plasing / afkondiging in julle gemeentebrief.

Dankie dat ons op jou kan reken vir die bekendstelling van die Konferensie. Ons is **afhanklik** van elke gemeente se kontakpersoon om ons met die proses behulpsaam te wees.

Kontakbesonderhede :

Tersia Petzer - Sinodehuis

012 804 9543

E-pos : ontvangs@sinoos.co.za